

Kommunikasienavorsing in Suid-Afrika: 1974-1984

Gustav Puth

THE article represents an overview of communication research undertaken in South Africa during the period 1974-1984. Because of the relatively short history of the discipline in this country, a penetrating analysis is hardly possible. Some interesting trends with regard to the distribution patterns of the research purposes (degree/non-degree) and the emphases within specific subdisciplines, could however be identified.

Inleiding

In 'n verwysing dat kommunikasienavorsers dit nodig het om 'n slag hand in eie boesem te steek, het Budd verder sinies opgemerk dat "... the road to stardom in our discipline requires little more than mastery of mathematics and statistics" (1977: 34-35). Die breër konteks van Budd se opmerking verteenwoordig 'n toeneemende besorgdheid oor die algemene toestand van kommunikasienavorsing, spesifiek met betrekking tot die voorkeur vir empiriese navorsing bo teoriekonstruksie. Hierdie besorgdheid blyk ook duidelik uit die werk van verskeie ander kommunikasie-wetenskaplikes, soos Capella (1977), Dance (1978), Fisher (1978), Marais (1979), Seibold, Poole en McPhee (1980), McPhee en Poole (1980), Stewart (1980) en Puth (1971).

In sy indringende oorsig van die belangrikheid, omvang en algemene stand van kommunikasieteorie en navorsing, het Marais (1979) twee hoofredes vir besorgdheid geïdentifiseer. Eerstens blyk daar 'n dissosiasie tussen teorie en navorsing te wees. Te veel studies word uitgevoer in wat Marais (1979) beskryf as 'n



Gustav Puth

teorielose vakuum. Sodanige navorsing kan kwalik as wetenskaplik beskryf word. As ons verder aanvaar dat wetenskaplike navorsing 'n kumulatiewe proses is, is dit duidelik dat navorsing van hierdie aard weinig kan bydra tot ons huidige kennis van kommunikasie.

'n Moontlike verklaring vir hierdie stand van sake mag moontlik teruggevoer word na die oorreaksie op die beklemtoning van teorie gedurende en na die Tweede Wêreldoorlog, wat deur Kline beskryf is as "grand theorising with-

Dr Puth is Adjunk-direkteur, Instituut vir Navorsingsontwikkeling, RGN.

out data” (1972: 25). Die waarheid is waarskynlik, soos gewoonlik, tussen die ekstreme van “research without theory” en “theory without data.” Davison en Yu (1974) het die algemene opmerking gemaak dat kommunikasie-navorsers groter moeite behoort te doen om te verseker dat hulle ondersoek bydra tot die sentrale kern van teorie, terwyl Fisher beklemtoon het dat “the need for a closer connection between specifically communication theory and research should be a foremost consideration of any serious student of communication” (1978: 54).

Die tweede rede vir besorgdheid wat deur Marais (1979) geïdentifiseer is, is die oëskynlike gebrek aan teorie oor navorsing. Daar behoort, volgens Marais (1979) ’n sentrale kern van teorie te wees oor hoe om kommunikasienavorsing te doen — ’n tipe van metametodologie. Die feit dat daar vir ’n lang tydperk nie so ’n teorie oor kommunikasienavorsing bestaan het nie, het ’n fragmentariese benadering tot navorsing veroorsaak. Die toestand kan weer verantwoordelik gehou word vir die lae korrelasie tussen die volume van kommunikasienavorsing en die toename van ons kennis oor kommunikasie.

Die voorafgaande kort oorsig van enkele gebreke in die stand van teorie en navorsing is verteenwoordigend van die veld van kommunikasie in die algemeen. Daar moet egter bygevoeg word dat enkele nuttige werke met ’n metametodologiese inslag oor die afgelope aantal jare verskyn het. Benewens die name wat vroeër in hierdie inleiding genoem is, kan daar hier gedink word aan die resente bydraes van onder andere Tan (1981), Stempel en Westley (1981) en die *Mass Communication Review Yearbook*-reeks.

In die oorblywende gedeelte van die artikel word gelet op enkele algemene tendense in kommunikasienavorsing, eerstens in die Verenigde State, en daarna ook in Suid-Afrika.

’n Amerikaanse perspektief

In hulle omvattende historiese oorsig en vooruitskouing van kommunikasienavorsing in Amerika, kom Weaver en Gray (1980) tot ’n paar interessante gevolgtrekkings. Volgens hulle is dit opvallend dat kommunikasie, en meer spesifiek die geïnstitusioneerde manifestasies daarvan dat dit een van die oudste

sosiale instellings in Amerika is en die enigste bedryf wat spesifiek in die Amerikaanse grondwet genoem word, vir ’n baie lang tydperk as ’n wetenskaplike studieveld geïgnoreer is. Navorsingsbydraes en -literatuur oor massakommunikasie is relatief skaars indien dit vergelyk word met ander sosiale instellings soos die kerk, regsprosedures, die sakewêreld en regeringsinstellings. Dit is maar eers sedert 1950 dat daar ’n opbloei in navorsing oor kommunikasieprosesse en -instellings plaasgevind het.

Tweedens wys Weaver en Gray daarop dat die navorsing wat wel verrig is, tot ’n groot mate beskryf kan word as “sporadic, disjointed and short-term, except for a few areas which deal mostly with media uses and effects” (1980: 144). Dit blyk derdens uit die oorsig dat navorsingsfondse meer gereedlik beskikbaar gestel is vir sistematiese, langtermyn navorsingsprojekte eerder as *ad hoc*-studies. Gevolglik het navorsingspatrone en -tendense in ’n groot mate verband gehou met die belange en voorkeure van finansieringsinstansies eerder as met die outonome belangstellingsvelde van individuele navorsers.

Van besondere belang vir die relatief vloeibare toestand wat tersiêre kommunikasie-onderlig in Suid-Afrika betref, is die gevolgtrekking dat navorsing in die veld “generally has reflected the changing nature and make-up of journalism faculties” (1980: 144). Ook in Suid-Afrika het ’n soortgelyk verskuiwing plaasgevind as die wat Weaver en Gray in hierdie verband skryf: “As the composition of journalism faculties as changed from ex-newspapermen in English departments, to behavioral scholars in schools of journalism, to communication scholars in colleges of journalism and mass communication, there has been a correlative move in scholarship” (1980: 144). Die resultate was ’n verskuiwing vanaf hoofsaaklik beskrywend-historiese studies na behavioristiese studies, en later na die hedendaagse kommunikasiestudies.

’n Verdere tendens wat met die historiese ontwikkeling van die veld gepaard gegaan het, was die feit dat kommunikasie aanvanklik tot ’n groot mate van leentertme gebruik gemaak het. Met verloop van tyd en as gevolg van die ontwikkeling wat hierbo beskryf is, het die nuwe geslag kommunikasienavorsers begin om navorsingsprobleme in hulle eie terme en vanuit

'n selfstandige vakverwysingsraamwerk te konseptualiseer. Daarmee saam het daar ook 'n eie werkswyse met betrekking tot die ontleding en interpretasie van navorsingsresultate ontstaan.

Daar is reeds genoem dat die breë ontwikkelings-tendense wat in die Amerikaanse konteks plaasgevind het tot 'n groot mate, hoewel 'n paar dekades later, in Suid-Afrika beslag gevind het. Maar hoe lyk die geskiedenis van kommunikasie-navorsing in Suid-Afrika van nader beskou? In die volgende afdeling word gepoog om hierdie vraag te beantwoord.

'n Suid-Afrikaanse perspektief

Tersiêre onderrig en navorsing op die gebied van kommunikasie in Suid-Afrika is nog nie twee dekades oud nie. Hoewel daar in hierdie relatiewe kort tydperk, soos vroeër vermeld, deur soortgelyke ontwikkelingsfasies as die in die Verenigde State gegaan is, verteenwoordig die totaliteit van kommunikasie-navorsing wat hier ter plaatse onderneem is bloot in kwantitatiewe terme nog nie 'n eenheid wat 'n diepgaande vergelykende ontleding moontlik maak nie. Die oorsig wat hierna volg moet gevolglik as 'n oorsigtelike beskrywende studie eerder as 'n deurdringende analise gesien word.

Verwysingsraamwerk

In terme van die Suid-Afrikaanse Plan vir Geesteswetenskaplike Navorsing word daar by die RGN 'n databank van lopende en afgehandelde navorsing in die geesteswetenskappe in stand gehou. Die databank bevat besonderhede (navorsers, titel, doeleindes, instansie, dissipline en tydsduur) van alle plaaslike lopende en afgehandelde navorsingsprojekte in die geesteswetenskappe. As sodanig reflekteer die databank die navorsing wat by universiteite, teknikons, navorsingsinstansies en in die privaatsektor onderneem word. Aangesien die databank in terme van volledigheid tot 'n groot mate op hierdie sektore aangewese is vir rapportering van navorsingsaktiwiteite, kan daar nie op totale verteenwoordiging aanspraak gemaak word nie. Daar kan egter aanvaar word dat die databank minstens 98% van alle geesteswetenskaplike navorsingsprojekte bevat. Die data wat in die hieropvolgende uiteensetting gebruik word, is onttrek uit die na-

vorsingsdatabank van die RGN se Instituut vir Navorsingsontwikkeling.

Die totale beeld

Volgens tabel 1 is daar vir die 10 jaar vanaf 1974 tot 1984 'n totaal van 176 voltooidde navorsingsprojekte in die databank opgeneem, terwyl 192 projekte nog lopend is.

Wat die afgehandelde projekte vir die tydperk betref, was daar duidelik meer projekte vir nie-graaddoeleindes (57,4%) as vir magister- en doktorsgrade gesamentlik (42,6%). Die verklaring hiervoor is waarskynlik daarin geleë dat daar na die ontstaan van die vakgebied as 'n wetenskaplike studieveld aan Suid-Afrikaanse tersiêre inrigtings, geleidelik gebou is aan 'n korps van nagraadse studente. In dié konteks is die meeste van die projekte waarskynlik deur die (reeds gekwalifiseerde) dosente of deur persone en organisasies in die privaatsektor of navorsingsinstansies soos die RGN onderneem.

In die geval van lopende navorsingsprojekte het hierdie posisie egter aansienlik verander. Die projekte vir grade verteenwoordig 55,7% van die totaal teenoor 44,3% vir nie-graaddoeleindes. Dit is duidelik dat die vakgebied tans die stadium bereik het waar na-graadse studente 'n substantiewe bydrae tot die navorsings- en teoriebou-aktiwiteite van die dissipline kan terugploeg.

In beide die gevalle van afgehandelde en lopende navorsing is daar 'n aansienlike differensiële verskil tussen magister- en doktorsgraadprojekte. Dit is egter te betwyfel of die verskil ooit sal krimp. Daar behoort trouens 'n relatiewe toename in magistergrade teenoor doktorsgrade te wees namate die beroepsvereistes vir en kompetisie om poste in die kommunikasiebedryf verhoog word.

Afgehandelde navorsing

Tabel 2 toon die verspreiding van kommunikasie-navorsing in terme van tyd vir die tydperk 1974 tot 1984.

Dit is duidelik dat daar in al drie die kategorieë, naamlik magistergrade, doktorsgrade (in 'n mindere mate) en navorsing vir nie-graaddoeleindes 'n opbloeï in die laat sewentiger en vroeë tagtigerjare was. Moontlik kan die afplatting in die daaropvolgende tydperk toegeskryf

word aan die feit dat die personeelsituasie by tersiêre inrigtings en navorsingsinstansies 'n relatiewe versadigingspunt bereik het, met 'n gevolglike kleiner aansporing vir na-graadse studie as 'n beroepsvoorwaarde. Daar moet egter ook in gedagte gehou word dat enkele senior navorsers gedurende die tydperk sedert 1981 die veld 'verlaat' het om poste in peri-

ferale of nie-verwante beroepe te aanvaar. Dit is ook betekenisvol dat 'n relatiewe hoë persentasie magistergraadstudie op die teorie van die vakgebied gerig was.

Wanneer die afgehandelde navorsing ontleed word in terme van die subdissiplines waarin die navorsing onderneem is, kom 'n aantal interessante tendense na vore.

TABEL 1
VERDELING VAN AFGEHANDELDE EN LOPENDE NAVORSING

DOEL	AFGEHANDELDE		LOPEND	
	N	%	N	%
Magistergraad	59	33,5	85	44,3
Doktorsgraad	16	9,1	22	11,4
Nie-graads	101	57,4	85	44,3
TOTAAL	176	100,0	192	100,0

TABEL 2
AFGEHANDELDE NAVORSING: DOEL X JAAR

JAAR	DOEL						TOTAAL	
	MAGISTER		DOKTOR		NIE-GRAAD			
	N	%	N	%	N	%	N	%
1974	—	—	1	100,0	—	—	1	0,6
1975	2	66,6	—	—	1	33,3	3	1,7
1976	2	25,0	—	—	6	75,0	8	4,6
1977	5	20,8	—	—	19	79,2	24	13,6
1978	5	45,4	1	9,1	5	45,4	11	6,3
1979	4	20,0	2	10,0	14	70,0	20	11,4
1980	5	15,1	3	9,1	25	75,8	33	18,8
1981	8	25,8	4	12,9	19	61,3	31	17,6
1982	10	50,0	3	15,0	7	35,0	20	11,4
1983	7	50,0	2	14,3	5	35,7	14	8,0
1984	11	100,0	—	—	—	—	11	6,3
TOTAAL	59	33,5	16	9,1	101	57,4	176	100,0

TABEL 3
AFGEHANDELDE NAVORSING: DOEL X SUBDISSIPLINE

SUBDISSIPLINE	DOEL						TOTAAL	
	MAGISTER		DOKTOR		NIE-GRAAD			
	N	%	N	%	N	%	N	%
Algemeen	1	1,1	—	—	2	2,0	3	1,7
Teorie	9	15,2	1	6,2	3	3,0	13	7,4
Metodologie	—	—	—	—	1	1,0	1	0,6
Joernalistiek	13	22,0	5	31,2	5	4,9	23	13,1
Radio	3	5,1	1	6,2	6	5,9	10	5,7
Rolprent	5	8,5	2	12,5	1	1,0	8	4,5
Televisie	3	5,1	—	—	28	27,7	31	17,6
Reklame en Skakelwerk	14	23,7	4	25,0	8	7,9	26	14,8
Groeps-kommunikasie	4	6,8	—	—	13	12,9	17	9,7
Diplomasie en Inligting	2	3,4	1	6,2	1	1,0	4	2,3
Massa-kommunikasie	2	3,4	1	6,2	6	5,9	9	5,1
Houdings en Oorreding	3	5,1	1	6,2	27	26,7	31	17,6
TOTAAL	59	33,5	16	9,1	101	57,4	176	100,0

Uit tabel 3 blyk dit dat die oorwig van navorsing vir sowel magister- as doktorsgrade in die subdissiplines van joernalistiek en reklame en skakelwerk onderneem is. Dié konsentrasie hou waarskynlik verband met die gelyklopende opbloei van beroepsmoontlikhede in die geïnstitusioneerde kommunikasiebedryf. Dit is uiteraard ook moontlik dat die waarneembare ontwikkeling van die massamedia in Suid-Afrika, veral met betrekking tot hulle rol as sosio-politieke en maatskaplike veranderingsagente gedurende die afgelope 10 jaar, op sigself navorsingsbelangstelling gekweek het.

In die geval van afgehandelde navorsing vir nie-graaddoeleindes, waar die klem enersyds op televisie en andersyds op houdings- en oorredingstudies val, en in 'n mindere mate op groepskommunikasie (waarskynlik ook kommunikasie tussen groepe), kan die tendense duidelik teruggevoer word na die rol van die

RGN se Instituut vir Kommunikasienavorsing. Dit is bekend dat die Instituut grootliks beslag gekry het na aanleiding van 'n versoek dat daar navorsing gedoen word oor die algemene effek van die instelling van televisie op die Suid-Afrikaanse samelewing. Daarom val die klem so sterk op die medium self, maar ook op samelewingsdinamiese aspekte soos houdings en waardes en die veranderings daarvan rondom die instelling van die medium.

Laastens kan daar met betrekking tot die afgehandelde navorsing gevra word of 176 projekte oor 'n tydperk van 10 jaar 'n bevredigende tempo van navorsing verteenwoordig. Die vraag moet egter oorweeg word teendie agtergrond van die kort geskiedenis van die vak in Suid-Afrika, die relatief klein korps van opgeleide navorsers, die groot vraag na vroeë afgestudeerdes in die kommunikasiebedryf, asook die 192 projekte wat tans nog lopend is.

Lopende navorsing

Die 192 lopende projekte wat tans in die databank opgeneem is, is uiteraard slegs oor die laaste drie tot vier jaar versprei. Table 4 gee 'n uiteensetting van die subdissiplines waarin die projekte onderneem word.

Besluit

Die voorafgaande ontleding verteenwoordig 'n beperkte kwantitatiewe oorsig van kommunikasienavorsing in Suid-Afrika gedurende die afgelope 10 jaar. Uiteraard sê dit nog niks oor die kwaliteit van navorsing nie. Gewoon op gesigs-

TABEL 4
LOPENDE NAVORSING: DOEL X SUBDISSIPLINE

SUBDISSIPLINE	DOEL						TOTAAL	
	MAGISTER		DOKTOR		NIE-GRAAD			
	N	%	N	%	N	%	N	%
Algemeen	1	1,2	—	—	—	—	1	0,5
Teorie	11	12,9	5	22,7	8	9,4	24	12,5
Geskiedenis	1	1,2	1	4,5	1	1,2	3	1,6
Onderrig	—	—	—	—	2	2,3	2	1,0
Metodologie	—	—	—	—	1	1,2	1	0,5
Joernalistiek	21	24,7	7	31,8	10	11,8	38	19,8
Radio	5	5,9	1	4,5	1	1,2	7	3,6
Rolprent	2	2,3	—	—	1	1,2	3	1,6
Telesie	7	8,2	1	4,5	23	27,1	31	16,1
Reklame en Skakelwerk	15	17,6	3	13,6	2	2,3	20	10,4
Groeps-kommunikasie	5	5,9	1	4,5	15	17,6	21	10,9
Diplomasie en Inligting	4	4,7	1	4,5	1	1,2	6	3,1
Massa-kommunikasie	6	7,1	1	4,5	6	7,1	13	6,8
Houdings en Oorreding	7	8,2	1	4,5	14	16,5	22	11,5
TOTAAL	85	44,3	22	11,4	85	44,3	192	100,0

Wat magister- en doktorsgraadstudie betref is die konsentrasie van projekte steeds rondom die subdissiplines van joernalistiek en reklame en skakelwerk. Teenoor die afgehandelde navorsing is daar egter by doktorsgraadstudie 'n aansienlike differensiële groei in projekte oor kommunikasieteorie.

By projekte vir nie-graaddoeleindes is die fokus steeds sterk op televisie-effekstudies, met geringe toenames by joernalistiek en kommunikasieteorie.

waarde is daar egter steeds rede om bekommerd te wees oor Marais (1979) se waarneming dat daar 'n lae korrelasie is tussen die volume van kommunikasienavorsing en die toename van ons kennis oor die verskynsel.

In hierdie verband ontstaan daar lastige vrae rondom die toelating van studente tot nagraadse studie na verwerwing van 'n honneursgraad of nagraadse diploma sonder die basis van voorgraadse begroning in die fundamentele begrippe en teorieë van kommunikasie, asook

oor die onderneem van kommunikasienavorsing deur navorsers sonder enige formele kommunikasie-opleiding. Daar moet gewaak word teen 'n regressie na die ontwikkelings stadium waar daar volgens Weaver en Gray (1980) hoofsaaklik beskrywend-historiese studies gedoen is. Terselfdertyd is daar die gevaar dat substansie verleen kan word aan die bekende beskuldiging dat kommunikasie nie veel meer as 'n eklektiese deeldisipline is nie.

Teen hierdie agtergrond kan dit nie genoeg beklemtoon word dat daar op die gebied van kommunikasie-onderrig 'n deeglikse terminologiese, teoretiese en metodologiese begroning gelê moet word nie. Terselfdertyd rus daar op die praktiserende kommunikasienavorser, met of sonder 'n kommunikasiekundige begroning, 'n verantwoordelikheid teenoor die vakgebied om navorsing behoorlik in die bestaande teorie in te bed en so 'n bydrae te maak tot ons kennis van kommunikasie.

Verwysings

- Budd, R.S. (1977) Perspectives on a discipline: Review and commentary. In B.D. Ruben (Red.) *Communication Yearbook 1*. New Brunswick: Transaction Books, pp. 29-36.
- Capella, J.N. (1977) Research methodology in communication: Review and commentary. In B.D. Ruben (Red.) *Communication Yearbook 1*. New Brunswick: Transaction Books, pp. 37-53.
- Dance, F.E.X. (1978) Human communication theory: A highly selective review and two commentaries. In B.D. Ruben (Red.), *Communication Yearbook 2*. New Brunswick: Transaction Books, pp. 7-22.
- Davison, W.P. en Yu, F.T.C. (1974) (Reds.) *Mass communication research: Major issues and future directions*. New York: Praeger.
- Fisher, B.A. (1978) *Perspectives on human communication*. New York: Macmillan.
- Kline, F.G. (1972) Theory in mass communication research. In F.G. Kline and P.J. Tithenor (Reds.), *Current perspectives in mass communication research*. Beverley Hills: Sage, pp. 17-40.
- Marais, H.C. (1979) *Kommunikasiekunde: 'n Navorsingsperspektief*. Bloemfontein: Professorale intreerede.
- McPhee, R.D. en Poole, M.S. (1980) *A theory of structuration: The perspective of Anthony Giddens and its relevance for contemporary communication research*. New York: Paper presented at the Speech Communication Association Convention.
- Puth, G. (1981) *A functional model and a componental analysis of advertising as communication*. Bloemfontein: Ongepubliseerde doktorsproefskrif.
- Seibold, P.R., Poole, M.S. en McPhee, R.D. (1980) *New prospects for research in small group communication*. Chicago: Paper presented at the annual conference of the Central States Speech Association.
- Steward, D.K. (1980) Basic research in advertising communication. In J.F. Haefner (Red.) *Proceedings of the annual conference of The American Academy of Advertising*. Urbana: University of Illinois Press, pp. 106-109.
- Stempel, G.H. en Westley, B.H. (Reds.) (1981) *Research methods in mass communication*. New Jersey: Prentice Hall Inc.
- Tan, A.S. (1981) *Mass communication theories and research*. Columbus, Ohio: Grid Publishing Inc.
- Weaver, D.H. en Gray, R.G. (1980) Journalism and mass communication research in the United States: Past, Present and Future. In G.C. Wilhoit en H. de Bock (Reds.) *Mass communication review yearbook, Volume 1*. Beverley Hills: Sage Publications, pp. 125-151.